# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
# *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

GAUTENG PROVINCIAL GOVERNMENT

**FEBRUARY / *FEBRUARIE***
**MARCH / *MAART***

**2005**

## AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL

**(Derde Vraestel: Skryfvaardighede)**

**HG** **102-1/3**

AFRIKAANS TWEEDE/ADDISIONELE TAAL HG: Vraestel 3

**7 bladsye**

102 1 3 HG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Skryfvaardighede)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES**:

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings (A, B en C).
- Beantwoord slegs DRIE vrae:
  - EEN onderwerp uit Afdeling A
  - EEN onderwerp uit Afdeling B
  - EEN onderwerp uit Afdeling C
- Nommer jou werk presies soos op die vraestel.
- Skryf netjies en leesbaar.

- Daar moet bewys van beplanning en redigering by elke skryfstuk wees.
- Gebruik die skoon bladsye in jou antwoordboek vir jou beplanning en redigering.

---

## AFDELING A
## LANG SKRYFSTUK


### VRAAG 1

Kies EEN vraag en voer dan die opdrag van 250 – 300 woorde by daardie vraag uit.

1.1 My ouers is baie goeie mense.
Hulle beteken baie vir my in die lewe.

Dink aan:

- Beskryf jou ouers.
- Sê waar hulle werk.
- Verduidelik waarom jou ouers so baie vir jou beteken.




(40)

**OF**

1.2 Die insident wat my lewe verander het. **Skryf** en **vertel**:

- Wat het gebeur?
- Wanneer het dit gebeur?
- Hoe het die insident jou lewe verander?



(40)

**OF**

1.3 Die Suid-Afrikaanse Skolewet laat toe dat swanger meisies nog kan skoolgaan en ook eksamen by die skool kan skryf. Stem jy saam? Gee jou **opinie**.

- Verwys na 'n insident in jou omgewing.
- Jou opinie oor swanger meisies op skool.



(40)

**OF**

1.4 Die skole is sedert die 1994-verkiesing nie meer dieselfde nie. Dinge het op verskillende maniere verander. Wat is die **feite**?

- Watter dinge het by jou skool verander?
- Hoe het die skole in jou omgewing verander?
- Hoe voel jy oor die veranderings? (40)

**OF**

1.5 Ons almal het al 'n leuen vertel.

- Wat was die leuen wat jy al vertel het?
- Waarom het jy die leuen vertel?
- Hoe het jy gevoel?
- Sal jy weer 'n leuen vertel? Waarom sê jy so? (40)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

## AFDELING B
### KORTER SKRYFSTUK

### VRAAG 2

- Kies slegs EEN vraag en voer dan die opdrag van 120 – 150 woorde by daardie vraag uit.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

2.1 Die prentjie hier langsaan illustreer 'n inbraak. Jy was 'n ooggetuie by dié inbraak:



Skryf 'n **verslag** van wat gebeur het.

Dink aan:

- Waar het dit plaasgevind?
- Wanneer het dit plaasgevind?
- Hoe het die inbrekers gelyk? (20)

**OF**

2.2 Jy en jou beste vriend is besig om julle toekomsplanne te bespreek. Skryf jul gesprek in **dialoogvorm** neer.

Dink aan:

- Beplan julle om verder te studeer?
- Hoe voel julle ouers oor julle planne?
- Watter raad het julle vir mekaar? (20)

**OF**

2.3 Jy het die onderstaande brief van jou pa ontvang.

Lees dit versigtig deur en **beantwoord** dan sy brief. Bemoedig jou pa en stel hom gerus oor jou ma.

Posbus 2456
Nelspruit
MPUMALANGA
3002

5 November 2004

My liewe kind

Die werk hier is nie maklik nie. Ek verlang daagliks na julle. Dit is moeilik om bedags te konsentreer as ek weet Ma is nie gesond nie.

Ek het darem gister my salaris ontvang. Nou ja, dit is nie baie nie, maar ek stuur 'n paar rand saam. Julle kan dit gebruik om iets vir die huis te koop, dalk medisyne vir Ma se borspyn. Hoe gaan dit nou met haar? Was sy al by die dokter gewees?

Jammer dat ek nie gereeld van my laat hoor nie. Ons is baie besig om die werk betyds klaar te kry. Dit help darem met die oortydgeld wat ek kan verdien.

Pas jou ma mooi op en sorg dat sy by die dokter uitkom.

Groete

Pappa

(20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [20]**

# AFDELING C
## FUNKSIONELE SKRYFSTUK

## VRAAG 3

- Kies slegs EEN vraag en voer dan die opdrag van 120 – 150 woorde by daardie vraag uit.
- Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.

3.1 Jy is die sekretaris/sekretaresse van die Verteenwoordigende Leerlingraad (VLR) by jou skool. Julle is ontevrede oor die gedragskode by julle skool.

Stel 'n **kennisgewing** op waarin jy die res van die leerlinge inlig oor 'n vergadering wat gaan plaasvind.

- Gee 'n opskrif, bv. Kennisgewing van spesiale vergadering.
- Naam van jou skool en VLR.
- Adres van jou skool.
- Die sekretaris/sekretaresse se kontaknommers.
- Gee besonderhede oor: die dag, datum en plek van die vergadering. Enige verdere/nodige besonderhede/inligting bv. Waaroor stem julle nie saam nie?; Waarom stem julle nie saam nie?; Hoe kan julle die probleem regstel?
- Handtekening van die sekretaris/sekretaresse.
- Met watter reëling in die gedragskode (skoolreëls) stem julle nie saam nie?
- Waarom stem julle nie saam nie?
- Hoe kan die probleem reggestel word? (20)

**OF**

3.2 Jy is deur jou vorige skool uitgenooi om die leerders en hul ouers tydens die jaarlikse prysuitdeling toe te spreek.

Skryf jou **toespraak** neer.

Dink aan

- Wat het die skool vir jou beteken?
- Watter suksesse het jy na skool bereik?
- Waarom is skool en opvoeding vir jou belangrik?
- Watter raad het jy vir die leerders? (20)

**OF**

3.3 Jy en 'n groep vriende het onlangs 'n nuwe nagklub in jul omgewing besoek.

Skryf 'n **artikel** vir julle plaaslike koerant oor die nagklub.

Dink aan

- Waar is die nagklub?
- Hoe lyk die nagklub?
- Is die nagklub veilig vir besoekers?
- Watter tipe musiek en kos bied die nagklub aan? (20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**